**SENWES BEPERK**

**(INGELYF IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)**

**Registrasienommer 1997/005336/06**

**(“Senwes” of “die Maatskappy”)**

## RESULTATE VAN AANDELETERUGKOOPPROGRAM APRIL 2024 EN VERLENGING VAN DIE PROGRAM

### RESULTATE

Senwes wens hiermee aandeelhouers in kennis te stel van die resultaat van die Terugkoopprogram (hierin later na verwys as “**die Program**”) wat op 25 April 2024 geloods is.

Die duur van die Program is bepaal deur die besteding van die terugkoopbedrag van R12,5 miljoen, of die terugkoop van 0,36% (nul komma drie ses persent) van die gewone uitgereikte Senwes-aandele in ŉ prysband van R19,20 tot R20,00 per aandeel (“Senwes-aandele”), welke ook al eerste sou plaasvind.

Die Program het gesluit en is ooreenkomstig die toepaslike bepalings daarvan geïmplementeer aangesien 0,36% (nul komma drie ses persent) van die Senwes-aandele teruggekoop is.

### VERLENGING VAN PROGRAM

Senwes gee hiermee kennis aan sy aandeelhouers dat die Maatskappy terugkope van Senwes-aandele op die OTC-aandeelverhandelingstoonbank (“die OTC”) sal voortsit vanaf 28 Oktober 2024.

Die Program sal voortduur totdat die aanbod ten volle opgeneem is en die bedrag gespandeer is, of 0,58% (nul komma vyf agt persent) van die uitgereikte aandele teruggekoop is, welke ook al eerste plaasvind. Die Program word geïmplementeer ten einde alle aandeelhouers te voorsien van ŉ waardeontsluitingsgeleentheid, volgens hul vrywillige keuse.

Alle terugkope in terme van die Program is in ooreenstemming met die algemene magtiging wat per spesiale besluit deur aandeelhouers verleen is by die Maatskappy se algemene jaarvergadering gehou op 22 Augustus 2023 en ingevolge die bepalings van artikels 44 en 48(2)(b) van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig (“die Wet”). Die aandele wat op hierdie wyse teruggekoop word, sal as tesourieaandele gehou word, soos voorsien word in artikel 48(2)(b) van die Wet.

In terme van die Program sal die koopprys per Senwes-aandeel wissel tussen R19,20 en R20,00. Die maksimum totale bedrag wat betaal sal word in terme van die Program, sal R20 miljoen beloop, ongeag die aantal Senwes-aandele wat teruggekoop mag word. Die maksimum totale aantal Senwes-aandele wat teruggekoop word, ongeag die totale terugkoopprys wat betaal word, sal gelykstaande wees aan 0,58% (nul komma vyf agt persent) van die totale uitgereikte kapitaal.

***Directors* / Direkteure**
JDM Minnaar (*Chairman*/Voorsitter), SF Booysen (*Vice-Chairman*/Ondervoorsitter), F Strydom (*Group Chief Executive*/Groep Hoof Uitvoerende Beampte)*, CR Klingenberg (*Group Chief Financial* Officer/Groep Hoof Finansiële Beampte)*, VJ Klein, NDP Liebenberg, GL Malherbe, JJ Minnaar, WH van Zyl, JJ Viljoen, AG Waller
Group Company Secretary & Chief Legal Counsel / Groep Maatskappysekretaris & Hoof Regsadviseur: EM Joynt
* (Uitvoerend/*Executive*)

Tel no: +27 18 464 7800, Tolvry / *Toll Free:* 080 941 4011, E-pos / *E-mail*: info@senwes.co.za
Charel de Klerkstraat 1 *Charel de Klerk Street*, Klerksdorp. Posbus / *PO Box* 31, Klerksdorp, 2570, Suid-Afrika / *South Africa*
**SENWES BEPERK / *LIMITED* Reg no : 1997 / 005336 / 06**
Goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer / *Authorised Financial Services Provider*
**Geregistreerde Kredietverskaffer verw. nr: NCRCP 2402 / *Registered Credit Provider ref. no: NCRCP 2402***

Aangesien die koopprys van aandele in die Program gebaseer is op die huidige werklike markprys van die Senwes-aandele, is die direksie van mening dat die terugkoopaanbod billik en redelik is. Die rekorddatum vir deelname deur aandeelhouers aan die Program is 28 Oktober 2024.

**IN OPDRAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE**
**EM JOYNT (MEV)**
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS**
**25 Oktober 2024**

***Directors* / Direkteure**
JDM Minnaar (*Chairman*/Voorsitter), SF Booysen (*Vice-Chairman*/Ondervoorsitter), F Strydom (*Group Chief Executive*/Groep Hoof Uitvoerende Beampte)*, CR Klingenberg (*Group Chief Financial* Officer/Groep Hoof Finansiële Beampte)*, VJ Klein, NDP Liebenberg, GL Malherbe, JJ Minnaar, WH van Zyl, JJ Viljoen, AG Waller
Group Company Secretary & Chief Legal Counsel / Groep Maatskappysekretaris & Hoof Regsadviseur: EM Joynt
* (Uitvoerend/*Executive*)

Tel no: +27 18 464 7800, Tolvry / *Toll Free:* 080 941 4011, E-pos / *E-mail*: info@senwes.co.za
Charel de Klerkstraat 1 *Charel de Klerk Street*, Klerksdorp. Posbus / *PO Box* 31, Klerksdorp, 2570, Suid-Afrika / *South Africa*
**SENWES BEPERK / *LIMITED* Reg no : 1997 / 005336 / 06**
Goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer / *Authorised Financial Services Provider*
**Geregistreerde Kredietverskaffer verw. nr: NCRCP 2402 / *Registered Credit Provider ref. no: NCRCP 2402***